


S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS
No. 14.
Twee rye Spore.
Gys van Graan

Dit is donker in die gang en aan e aan weerskante is daar deure. Hy druk hulle so ver hy gaan, maar nêrens gewaar hy 'n trap na benede nie. Net toe hy weer by 'n vertrek inloer, hoor hy 'n geluid agter hom wat onwillekeurig sy nekhare laat rys. Dit klink soos 'n dierlik geroggel of die sinnelose keelklanke van 'n doofstom idioot. Hy swaai so vinnig om dat hy sy balans verloor. Sy linkerhand gryp na die deurkosyn om hom te stut...en dan sien hy die kort breë gedaante, meer aap as mens, half gebukkend, sy dik gespierde arms grypend uitgesteek, op hom afkom.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Meisie in die Reën | 3 |
| 2. | Modderige Skoene | 13 |
| 3. | Aand in 'n Nagklub | 25 |
| 4. | Ekkie word Kwaad | 35 |
| 5. | Die Stem uit die Donker | 46 |
| 6. | Obed hou Kajuitraad | 57 |
| 7. | Die Geheimsinnige Slaan toe | 69 |
| 8. | Op die Begrafnis | 81 |


## Hoofstuk 1

## MEISIE IN DIE REËN

Die reën stort loodreg neer. Die gebrom van die kragtige motor is skaars hoorbaar bo die geknetter van die druppels op die motor se dak. Obed de Swardt hou sy oë stip voor hom op die pad waar die motorligte 'n flou baan deur die digte reënsluier klief.

Die motor swiep deur die duik naby Leeukop en snork oor die brug om met 'n toenemende dreuning teen die opdraand uit te klim. Vir 'n oomblik vang die motorligte die witgekalkte ingang na die Lorentz-landgoed. Hy is sowat tien tree van die indraaipad af toe hy 'n man in uniform langs die pad gewaar. Die man beduie dat hy moet stilhou.

,,Wil jy saamry?'' vra Obed toe hy die motor bv die konstabel tot stilstand bring.

,,Nee, dankie,'' antwoord die man. ,,Ek sal bly wees as Meneer asseblief van die naaste telefoon af die Johannesburgse speurafdeling sal bel.''

,,Graag. Wat is aan die gang?''

,,Sê vir hulle daar is iemand doodgeskiet in die Lorentz-huis en beduie hulle asseblief hoe om hier te kom.''

Obed fluit. ,,Is dit die oubaas?''

,,Ek dink so. Ek het hom nie persoonlik geken nie,'' antwoord die konstabel. ,,Ek sou self gaan bel het, maar ek hou iemand hier aan. Maar ek glo nie hy het iets met die saak te doen nie.''

,,Hoekom?''

,,Wel, hy was nie hier toe die oubaas se bediende my by die huis kom roep het nie. Ek is van die polisie op Rivonia en bly 'n endjie met die pad af wat hier bo oor die Pretoria-pad kruis. Die bediende weet wie ek is en het my kom roep toe sy op die oubaas afgekom het.''

,,Wanneer was dit?''

,,So kort na skemer. . . omtrent sewe-uur.''

„Jy het seker rondgekyk vir spore, hoewel die reën jou seker nie kans gegee het om iets te kry nie?"

„Ek sal sulke dinge maar vir die speurders laat wag," kom dit met 'n skewe glimlaggie van die geregsdienaar. „Boonop het my flits nie meer veel gô in hom nie."

„Ek het 'n sterk flits. Sal ons so 'n bietjie rondkyk?" Die konstabel lyk eers huiwerig en kyk Obed ondersoekend aan. „Ek glo nie dit kan veel skade doen nie, hoewel ek so gou moontlik die saak aan die speurders sal wil oorgee. Kom ons ry." Hy klim langs Obed in en kyk weer eens die jong man stip aan. „Jy is mos Obed de Swardt, nie waar nie?" Toe Obed knik, gaan hy voort: „Ek het al baie van jou prestasies as private speurder gehoor. Dalk sien jy iets wat die speurders kan help."

Obed hou agter twee ander motors stil en met sy flits in die hand klim hy uit. Gevolg deur die konstabel stap hy in die paadjie op na die voordeur. Die flitsligstraal maak 'n geelwit kol op die nat gruis.

„Het die bediende hoëpolvyskoene aangehad toe sy jou kom roep het?" verneem Obed.

„Nee, gits. Sy het 'n paar ou, vertrapte seilskoene aangehad. Waarom?"

„Hier lê die spore van hoëpolvyskoene. Ek dink jy behoort dit met iets toe te maak sodat die reën dit nie verder uitwis nie."

„Hierdie kant toe," sê die konstabel toe hy en Obed by die voordeur instap. Hy draai in by 'n deur regs.

„Waar is die man wat jy aanhou?" vra Obed.

„Hy is ook hier."

Obed kyk in die vertrek rond. Klaarblyklik is dit oubaas Lorentz se studeerkamer. Agter 'n imposante lessenaar leun 'n bejaarde man terug in 'n stoel. Sy hoekige gesig met die haakneus staar reguit na Obed. Sy hande rus in die sakke van sy kamerjas. Die man sit roerloos. . . leweloos. Dan gewaar Obed die jong man in 'n stoel in die hoek van die vertrek. Hy kyk vraend na die konstabel.



„Dis mnr. Peet Kamerman, oubaas Lorentz se sekretaris."

„Waarom moet ek hier saam. . . saam met. . .?" stotter die jong man en kyk met weersin na die lewelose figuur agter die lessenaar. „Waarom moet ek saam met hom in hierdie kamer bly?"

„Wat weet jy van die saak af?" verneem Obed gemoedelik, onderwyl hy die jong man en die konstabel 'n sigaret aanbied.

„Absoluut niks," antwoord Kamerman vinnig. „Ek was tot na sononder in die stad. Ek was skaars hier toe hierdie konstabel hier opdaag en sê dat ou Fytjie hom kom roep het om te sê dat mnr. Lorentz doodgeskiet is. Ek het saam met hom na die studeerkamer gekom en die oubaas vir die eerste keer sedert vanoggend gesien. Die konstabel het my allerhande vrae gevra en toe gesê ek moet hier wag totdat hy iemand kan vra om die speurdiens te bel. . ."

„Die telefoon hier is buite werking," verduidelik die geregsdienaar.

Obed stap om die stil gestalte en kyk na die agterkant van die oubaas se kop waar 'n koeëlwond sit. Daarna beskou hy die glasdeure wat op die stoep uitloop.

„Waar was jy gedurende die dag, mnr. Kamerman?" vra Obed.

„Ek was eers kerk toe en daarna by mnr. Chris van Hoon om tikwerk te doen."

„Wie is mnr. Van Hoon?"

„'n Vriend en medewerker van mnr Lorentz."

„Tik jy gewoonlik op Sondae vir mnr. Van Hoon?"

„Nee, maar hy het vandag werk gehad wat dringend gedoen moes word. Ek het gewoonlik Sondae vry."

„Is daar enige dames in die huis?"

„Nee. Mnr. Lorentz was 'n oujongkêrel. Behalwe vir ou Fytjie was daar nooit 'n vroumens in hierdie huis nie."

„So!" Obed draai van die jong man af weg en maak die glasdeure oop nadat hy sy sakdoek om sy hand gedraai het. „Was hierdie deur op knip toe jy hier aankom, konstabel?"

„Nee. Die deur het oopgestaan en die gordyne het in die

wind en reën rondgefladder. Die voordeur het ook oopgestaan, maar ou Fytjie kon dit oop gelaat het."

,,Het jy aan die knip gevat toe jy die deur toegemaak het?"

,,Natuurlik nie," antwoord die konstabel afgehaal.

,,Ek vra maar net," kom dit met 'n verskonende glimlag van Obed. ,,Dit lyk nie asof die oubaas al lank dood is nie." Hy stoot die deure oop en skakel sy flits aan. Onder die stoep sien hy weer die hoëpolvyspore. ,,Dus kom hulle hierheen," sê hy half ingedagte.

,,Wie kom hierheen?" vra die konstabel en kom agter Obed staan. Obed beduie na die spore. ,,Die spore."

,,Ek behoort hulle toe te maak," sê die konstabel. ,,Wonder of daar papier in die lessenaar se laaie is."

,,Ek sou nie iets uit die lessenaar haal nie," waarsku Obed. ,,Vra vir Kamerman om vir jou 'n paar ou koerante te gee."

,,Natuurlik," kom dit verlig van die jong man wat dadelik uit sy stoel uit opspring.

,,Net so 'n oomblikkie," keer die konstabel hom. ,,Ek stap saam."

Die twee stap saam die vertrek uit en Obed wend hom weer na die lessenaar. Voor die oubaas staan 'n tikmasjien met 'n vel papier daarin. Dit lyk soos 'n onvoltooide brief en Obed laat sy oë vinnig oor die reëls gaan. Die brief lui:

Geagte mnr. Van Hoon,—Ek het die saak wat ons verlede week bespreek het, heroorweeg. Hoewel ek aanvanklik van jou verskil het, het ek tot die slotsom geraak dat jou beskouing heeltemal korrek is. Ek wil jou net in kennis stel dat jy gerus kan voortgaan met die planne soos jy aan my verduidelik het.

Betreffende die moontlike herverkiesing van Janse Brand as burgemeester wil ek weer eens daarop wys hoe noodsaaklik dit is dat ons hierteen moet optree. Met hierdie man weer in daardie amp, sal ons moeilikhede verdu. . .

Hier eindig die brief stomp af. Obed besluit dat oubaas Lorentz in daardie stadium deur die moordenaar versteur en



vermoor is. Hy kyk op toe Kamerman en die konstabel elkeen met 'n klompie koerante die kamer binnekom.

,,Nou ja, konstabel, ek gaan gou die speurders bel," sê Obed en staan deur se kant toe. ,,Ek sal ook die poskantoor laat weet dat die telefoon hier buite werking is. As die moeilikheid by die sentrale lê, sal hulle dit daar kan herstel. Dalk het iemand egter hier by die huis, of hier naby rond, met die drade gepeuter."

,,Dit was gister reeds buite werking," deel Kamerman hulle mee.

Obed knik en stap motor toe. Die lig van die flits val op 'n paar rye motorspore wat geen verband toon met òf syne òf die ander twee wat voor die deur staan nie. Hy bestudeer hulle 'n oomblik en merk dat een stel spore, wat heelwat van die ander verskil, op minstens vier verskillende plekke sigbaar is. Dit lyk amper asof die motor twee keer kort na mekaar by die huis was. Hy volg die spore tot by die ingang en gewaar dat dit uit die rigting van die stad by die pad indraai.

Nadenkend stap Obed terug na sy motor. Onderwyl hy die motor aan die gang sit en wegry, wonder hy of die skoen- en motorspore nie maar net daar gelaat is om die aandag van iets anders af weg te trek nie. Onwillekeurig diep hy uit sy verbasend noukeurige, bykans fotografiese geheue alles op wat hy in die studeerkamer waargeneem het en vind 'n hele paar dingetjies wat hy nie mooi kan plaas nie. Omdat hy uit jarelange ervaring van die ondersoek na misdaad in al sy vorms weet hoe maklik 'n speurder mislei kan word, of 'n leidraad kan verwar, neem hy weer elke waarneming in oënskou.

Obed de Swardt het met hierdie manier van optrede reeds etlike jare gelede vir hom naam gemaak as die Swerwerspeurder. Hy is meer as net 'n gewone private speurder en werk selde of ooit vir beloning. Hy het uit blote liefde vir avontuur van speurwerk 'n lewensroeping gemaak. Finansieël is hy heeltemal onafhanklik. Afgesien van sy groot Bosveld-plaas, waarop hy 'n betroubare bestuurder het en waaruit hy 'n besonder gerieflike inkomste ontvang, het hy ook

aandele in verskeie ander sake. Drie Gewels, sy imposante huis in Linden, spreek duidelik van weelde, maar Obed gee hom nie dikwels oor aan die gerief hiervan nie. Soms gaan daar dae om dat hy nooit naby die huis kom nie.

Hy was 'n briljante student en nagraads het hy sulke vakke soos sosiologie, kriminologie, sielkunde en tale gestudeer. Hy is minstens sewe tale magtig, en sy kennis van die ander vakke het hom al in staat gestel om etlike kere sake wat selfs die knapste speurders in Johannesburg koudgesit het, bevredigend op te los. Af en toe werk hy saam met die polisie, by wie sy manier van optrede hom party keer in die pekel laat beland. Hy verkies egter om alleen-alleen sake aan te pak en ongehinderd die misdadiger op te spoor en aan die man te bring.

Obed is 'n raps onder 1,9 meter, dog hy is so taai en gespierd dat hy die indruk skep van onwrikbare krag. Sterk en vinnig is hy gewis, soos hy reeds as vleuel vir Diggers en Transvaal in baie rugbywedstryde bewys het. Sy gesig is fynbesnede, die neus reguit bo 'n vasberade dog humoristiese mond. Onder donker wenkbroue vonkel 'n paar laggende blou oë. Sy kortgeknipte swart hare is glad van sy breë voorhoof af weggekam.

Eensklaps ruk Obed sy voet van die versneller af en trap vinnig rem. Die pad maak 'n taamlike skerp draai en die motor se hoofligte val 'n oomblik op die ry bome langs die pad. Onder een van hulle het hy iemand gewaar. Hy merk dadelik dat dit 'n vrou is, maar sy toon nie die minste belangstelling in die naderende motor nie. Eers toe hy langs haar stilhou, kyk sy reguit na die voertuig.

,,Wil jy iewers heen saamry?" verneem Obed vriendelik.

,,Daar is nie 'n plek waarheen ek kan gaan nie," antwoord sy gelate en die diepte van haar stem verbaas Obed ietwat.

,,Wel, jy kan nie die hele nag hier bly staan nie," sê Obed, onderwyl hy die deur oopstoot. ,,Klim in."

Sy huiwer eers en tel dan haar tassie op. Sy kom nader en in die motorligte merk Obed dat sy jonk en opvallend aantreklik is.



,,Hoe lank staan jy al hier?" vra hy.

,,Ek weet nie. Seker al ure," sê sy byna fluisterend. ,,Ek is stokflou."

Haar stem klink soos dié van 'n klein dogtertjie en Obed glimlag simpatiek. Hy kyk vlugtig na die plek waar sy gestaan het voordat hy die motor weer in beweging bring.

,,Ek sal nie nou uitvra nie," sê hy steeds glimlaggend. ,,Maar as jy nie 'n plek het om heen te gaan nie, sal ek verplig wees om jou saam huis toe te neem. As jy droë klere aanhet en gerus het, kan jy gesels as jy lus het. Dis 'n baie eensame plek wat jy uitgekies het om sonder vervoer te raak. . . veral in hierdie weer."

,,Ek het gestap soontoe."

,,Hoekom. . . O, ekskuus! Ek het beloof ek sal nie nou al uitvra nie."

Onwillekeurig kyk hy van haar aantreklike gesig na haar voet en in die panneellig sien hy dat daar geen modder of oormatige nattigheid aan haar swart blinkleerskoene is nie. Selfs haar kouse lyk heeltemal droog. Hy dink 'n oomblik aan die skoene wat spore by die Lorentz-huis getrap het en hoe modderig hulle moet wees. . .

Toe hy met die groot motor voor Drie Gewels stilhou, kom Jagter, sy groot wolfhond, om die hoek gestorm en spring uitgelate om die motor rond. Die hond beskou die meisie met gespitste ore en stap dan stertswaaiend agter haar en Obed aan. Die voordeur gaan oop en Amos, Obed se getroue ou bediende, verskyn op die stoep. Obed help die meisie om haar jas uit te trek en gee dit aan Amos.

,,Hoe lyk dit met 'n drankie?" vra hy onderwyl hy haar na die sitkamer neem. Hy skink twee drankies en maak dan verskoning. Oomblikke later keer hy terug na die sitkamer en hou sy kamerjas na die meisie uit. ,,Trek dit aan, juffrou, en maak jou tuis. Ek wil net gou iemand bel," sê hy en stap na sy studeerkamer.

Hy skakel 'n nommer en luister na die gelui van die instrument. ,,Speurdersersant Eksteen," gee 'n stem antwoord.

,,Slaap jy dan nooit?'' verneem Obed van die man wat in die afgelope jare sowel op die rugbyveld as in sy speurwerk 'n boesemvriend geword het.

,,Hallo, mnr. die Swerwerspeurder,'' antwoord Ekkie in dieselfde toon. ,,Het jy nog nie uitgevind dat werklike speurders moet werk vir 'n bestaan nie? Ons kan nie uitskei wanneer ons wil soos diegene wat speurder speel nie.''

,,Nou ja, dan sal jy seker nie omgee om 'n moordsaak aan te pak nie.''

,,Skeer jy die gek?'' verneem Ekkie onseker. ,,Wie is vermoor?''

,,Oubaas Wim Lorentz wat duskant Leeukop langs die Pretoria-pad woon. Daar is 'n konstabel van Rivonia wat my gevra het om julle te bel. Die Lorentz-landgoed se telefoon is buite werking. Sal jy hier langs kom en my oplaai? Ek sal graag meer van die saak wil weet.''

,,Goed,'' antwoord Ekkie dadelik. ,,Ek is binne 'n kwartier daar.''

Obed hoor 'n geritsel agter hom en draai vinnig om, onderwyl hy die telefoon terugplaas. In die deur agter hom staan die meisie hom en aankyk.

,,Moord?'' fluister sy skor.

,,Ja,'' antwoord Obed met sy oë stip op haar bleek gesig.

,,Jammer dat ek afgeluister het,'' sê sy ongemaklik. ,,Ek het gedink jy bel iemand in verband met my. Aangesien dit nie so was nie, is ek jammer.'' Sy laat haar kop sak.

Obed staar haar nog 'n rukkie aan voordat hy na die deur beweeg en haar aan die arm na die sitkamer teruglei. Sy japon kom soos 'n sleep agter haar aan. Hy stap na die twee glasies wat nog staan waar hy hulle neergesit het, tel een op en gee dit aan die meisie.

,,Wat is dit?'' vra sy wantrouig.

,,Gewone brandewyn en water.''

Sy gaan sit op die rusbank en proe aan die drankie. ,,Wie is vermoor?'' wil sy weet.

,,'n Oubaas op 'n landgoed langs die Pretoria-pad. Hy het 'n



besondere belangstelling in pornografiese letterkunde gehad. Wou dit met wortel en tak uitroei,'' antwoord Obed glimlaggend. ,,Ken jy hom?''

,,Nee, ek is 'n vreemdeling in Johannesburg,'' antwoord sy en kyk reguit in sy oë. ,,Dis een van die redes waarom ek hier sit...sonder om te weet wat verder met my gaan gebeur.''

,,Gee jy om?''

,,Wel, ek kon tog nie die hele dag onder daardie boom bly staan het nie. Nogtans sal ek wil weet of jy my slaapplek gaan aanbied.''

,,Ek het 'n spaarkamer.''

,,Dankie. Nou kan ek jou gerus so 'n bietjie vertel oor hoe ek onder daardie boom te lande gekom het.''

,,Ek is die ene ore,'' kom dit van Obed.

,,Soos ek reeds gesê het, ek is 'n vreemdeling in Johannesburg. Ek het hierheen gekom om as sangeres in 'n nagklub te kom optree. Die plek het egter bankrot gegaan voordat ek daar kon sing. Ek kon intussen nog nie ander werk kry nie en is omtrent platsak. Gistermiddag het die bestuurder van die nagklub waar ek sou optree, my gebel en gevra of ek vandag op 'n private partytjie sou sing.

,,Ek is saam met die man wat die partytjie sou gee uit die stad uit. So 'n entjie van die boom waar jy my gekry het, het hy my laat verstaan dat die partytjie wat hy gereël het net vir my en hom sou wees. Ek het die motor afgesluit en uitgeklim. Hy wou my nog keer, maar ek het begin terugstap sonder om presies te weet waarheen om te gaan, of wat om te doen. Ek het sowat tien sent by my. Ek het toe maar onder daardie boom gaan staan.''

Obed het haar gedurende die vertelling byna uitdrukkingloos dopgehou. Skielik sit hy regop en luister. 'n Motor kom in die oprypad aan. Dit is seker Ekkie, dink hy, en staan op.

,,Verskoon my vir so 'n rukkie,'' sê hy. ,,Maar maak jou gerus tuis. As jy honger kry of lus het vir koffie, kan jy gerus vir Amos vra om jou met iets te bedien.''

Hy buk af en lig haar ken op. 'n Oomblik lank kyk hy diep in